“Apostels”
Vandag ?
Deur
Pastoor
Pieter
Schalkwyk.

APOSTELS" VANDAG?

Deur Past. Pieter Schalkwyk

Die nuutste dwaling.

Wat is 'n "Apostel"?
'n Gestuurde een, 'n afgesant, 'n ambasadeur. (Gr: Apostolos)
Luk 6: 13 "En toe dit dag geword het, het Hy sy dissipels na Hom geroep en twaalf van hulle uitgekies, wat Hy **"Apostels"** genoem het.

Joh. 17: 18 "Soos u My gestuur ("Apostello") het in die wêreld het Ek ook hulle gestuur."
"To send forth on a certain mission. The expression that Jesus was sent by God, ("Apostello),

(Joh. 3:34) denotes the mission which He had to fulfill and the authority which backed Him". Kommentaar uit Linquistic key to the Greek New Testament.

Mark 3: 14 "En Hy het twaalf aangestel, sodat hulle saam met Hom kan wees, en Hy hulle kon uitstuur om te preek". Spesifieke sendings en opdragte was aan die Apostelskap of "Apostello" gekoppel.

Soos om te preek, te spreek, (Luk. 1:19) te seën (Hand. 3:3;26) te verlos (Hand. 7:35) te versoen (Joh. 4:10) te red en salig te maak (Joh. 4:14).
Nuwe testamentiese Apostels het spesifieke sendings en opdragte as gestuurdes ("Apostello) gehad.

1) Paulus

(Hand 9:15 "Maar die Here sê vir hom: gaan, want hy is vir My 'n uitverkore werktuig om My Naam te dra voor nasies en konings en die kinders van Israel.
"Apostolos" : Gestuurde een.
Rom 1:1 Paulus, 'n Geroepe Apostel afgesonder tot die evangelie

van God.
Die "Evangelie" wat Paulus gepreek het was uniek, uitsluitlik en absoluut gesagvol.

(Gal. 1: 8;9) "Maar al sou ons of 'n engel uit die Hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees, ek sê nou weer laat hom 'n vervloeking wees"

1Thes 2:13 "Daarom dank ons God ook sonder ophou dat toe julle die woord van God ontvang het wat deur ons verkondig is , julle dit aangeneem het, nie as die woord van mense nie, maar soos dit waarlik is, as die Woord van God wat ook werk in julle wat glo.
1Thes 4: 8 **"**Daarom, hy wat dit verwerp, verwerp nie 'n mens nie, maar God."

1Kor. 3:10 "Deur die genade wat aan my gegee is, het ek soos 'n bekwame (Eng. "wise", kan ook vertaal word met Eng. "expert", OF gesaghebbend, vakkundig, deskundig, saakkundig) boumeester (Gr. Architekton Argitek) die fondament gelê, en 'n ander (soortgelyke een) bou daarop; maar elkeen moet oppas hoe hy daarop bou "want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Christus."

Ef. 2: 20 "Gebou op die fondament van die Apostels en die profete; terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is" (Die verlede tyd van "gebou" verwys na dit wat afgehandel is)

1Kor. 4: 15 "Want al sal julle tienduisend tugmeesters in Christus hê, dan het julle nie baie vaders nie; want in Christus Jesus het ek julle vader geword deur die evangelie. Ek vermaan julle dan, word my navolgers".

2Kor. 11: 13 "Want sulke mense (self roemendes wie aanspraak maak op dieselfde apostoliese gesag as Paulus en die nuwe testamentiese apostels) is valse apostels, bedrieglike arbeiders wat hulleself verander in apostels van Christus". Lees ook verse 14-15.

2Kor.12:12 "Die kentekens (die Woord word oorspronklik gebruik om te onderskei tussen persone of voorwerpe en is onherroeplik bepalend) tog van 'n apostel onder julle is verwerklik met alle volharding (onophoudelik, herhalend en voortdurend) deur tekens en wonders en kragtige dade" Dake se kommentaar: "No man is an postle without these signs"-.

Jesus skryf aan die gemeente van Efese: Openb. 2:2 "Ek ken jou werke en jou arbeid en jou lydsaamheid, en dat jy slegte mense nie kan verdra nie; en dat jy dié op die proef gestel het wat sê dat hulle apostels is en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind het."
'n Apostel moet 'n oog en oor getuie wees van Jesus.

Hand. 1: 21-22 "Van die manne dan wat saam met ons rondgegaan het al die tyd waarin die Here Jesus by ons in en uitgegaan het, van die doop van Johannes af tot op die dag dat Hy van ons opgeneem is - van hulle moet daar een saam met ons getuie word van Sy opstanding".

So was Paulus ook 'n oog en oor getuie van die opstanding van Christus. (1Kor.15: 4-8; Gal.1:11,12; Hand. 9:3;) Hand. 20:26,27 "Daarom betuig ek aan julle op hierdie dag dat ek rein is van die bloed van almal. Want ek het nie nagelaat om aan julle die hele raad van God te verkondig nie.

2)Petrus.

1Pet. 1:1 "Petrus 'n apostel van Jesus Christus"
Petrus het 'n boodskap vir diensknegte, (1Pet. 2:18-25)
'n boodskap aan getroude mans en vroue, (1Pet. 3:1-7)
'n boodskap aan die ouderlinge, (1Pet. 5:1-4)
raad ormtrent valse leeraars, (2Pet. 2:2)
en o.a. 'n waarskuwing omtrent die wederkoms (2Pet. 3:1-4)
Die vernieting van die aarde word deur hom indrukwekkend beskryf. (2Pet. 3: 10)

3) Johannes.

1Joh. 1:1 "Wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons oë gesien, wat ons oë aanskou het en ons hande getas het aangaan-

de die Woord van die lewe --- verkondig ons aan julle."

1Joh. 1: 5 "En dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het."
Hy leer ons van die versoening in die Bloed van Jesus, (1Joh 2:2,3)
van belydenis en vergifnis, (1Joh 1:7-9)
van Jesus ons voorspraak, (1 Joh 2:1)
van die noodsaaklikheid van die broederliefde. (1 Joh 2:9, 10; 3:10, 14, ens.)
Hy leer ons van ons kindskap van God, (1 Joh 3:1,2)
van ons oorwinning oor die duiwel. (1 Joh 2:13,14)
Dat ons nie die wêreld moet liefhê nie, (1 Joh 2:15-17)
van die kwalifiserende krag van die invulling van die Heilige Gees. (1 Joh 3:24; 4:3,13)
Hy bevestig die bestaan van die Drie Eenheid (1 Joh 5:7,8) en die koms van die antichris.

Die boek van Openbaring uit die pen van Johannes is die volledigste uiteensetting van vervulling van profesië denkbaar, totaal gesagvol.

Openb 22: 19 "En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die Heilige Stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is."
Openb 22:18 "Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is. "

<u>OPSOMMEND:</u>
Die apostels van die Nuwe Testament was deur Jesus geroep en gestuur met spesifieke opdragte en sendings. Hulle was ooggetuies van Jesus se opstanding. Wat hulle by Hom gesien en gehoor het, het hulle aan die wêreld oorgedra, opgeneem in die Heilige skrifte, vorm dit die voltooide, volmaakte woord van God, uitsluitlik ewig gesagvol. Daar is niks by te voeg nie, niks weg te neem nie.

Hulle prediking was:
1) Die volle raad van God (Hand 20: 26, 27)
2) Die ware woord van God (1Thes. 2: 13)
3) Die onvervangbare ewige evangelie (Gal. 1: 6-9)
4) Die onverwerplike enigste evangelie (1Thes. 4: 8)
5) Wat hulle by Christus gehoor het, het hulle oorgedra (1Kor.11:23; 1Joh. 1: 5)
6) Hulle evangelie was die krag van God tot saligheid (Rom 1: 16)
7) Apostels het in Jesus se opdrag gepreek (Mat. 28:19; Mark.16:15,16; Luk. 24:49; Hand 1:8)

DIE VRAAG IS NOU?

1) Wie het hierdie selfgemaakte **hedendaagse 'apostels**' geroep, gestuur, of afgevaardig?
2) Watter nuwe opdragte voer hulle uit?
3) Watter erkenning kry hulle in die breë, globale universiële Christelike kerk?
4) Sal hulle enige erkenning geniet buite hulle persoonlike (denominasionele) kring? Indien nié, wat se apostels is hulle wie geen erkenning geniet nie?
5) Kom hulle om 'n nuwe fondament te lê?
6) Indien hulle net wil voortbou op wat Jesus se apostels geleer het, waarom noem hulle hulleself 'apostels'? En hoekom noem hulle hulleself nie eerder 'evangeliste', 'herders' en 'leeraars' (wat hulle in werklikheid is en sal bly totdat Jesus weer kom.)

Judas 1: 17 "Maar julle geliefdes moet die woorde onthou wat tevore gespreek is deur die apostels van onse Here Jesus Christus," En die gesag van hierdie woorde bly totdat Jesus weer kom (vers 18) Nêrens in die nuwe testament vind ons die ordening van apostels nie.

1Kor 12: 28 "En God het sommige in die gemeente gestel: in die eerste plek apostels,
Kom ons kyk hierna: Die "gemeente" engels "church" gr. eklesia'
Die identiteit van hierdie "gemeente" word in die konteks, skrif verband gevind:
1Kor. 12:12, 13 "Want net soos die liggaam een is en baie lede

het, en al die lede van die een liggaam, al is hulle baie, een liggaam is, so ook Christus. Want ons is almal deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge.

SCOFIELD REFERENCE BIBLE:

"The baptism with Spirit forms the body by uniting believers to Christ, the Risen and Glorified Head, and to each other"
1Kor.12
Die hele hoofstuk van vers 12 tot 31 gaan oor die liggaam (kerk) van Jesus, globaal en universieël die 'gemeente' (afr.) verwys dus na die kerk (vers 28) "En God bet sommige in die kerk (gemeente) gestel, (nie in een of ander gemeentetjie iewers, of 'n lokale kerk organisasie (opsigtelik) nie, maar aan die kerk van Jesus as Sy liggaam; ten eerste apostels....."

Dit is dus 'n dwaling om in 'n lokale gemeente of kerk organisasie 'apostels' aan te stel, wie in elk geval geen erkenning elders gaan geniet of status gaan verkry nie.

"IN DIE EERSTE PLEK APOSTELS"

"Eerste plek" Volgens Dr. Spiros Zodhiates (bekende en beroemde Griekse teoloog, skrywer van: The Hebren - Greek key study bible, en The complete word study dictionary of the New Testament, is die oorspronklike woord wat gebruik word **"Proton"** (eerste plek, ten eerste, eerste gebruik) Die woord kom ook so voor in die ander oorspronklike Griekse nuwe testamente.

Elders in die nuwe testament word dit aangehaal, o.a. in die volgende tekste:
Mat. 6: 33 "Maar soek **eers (Gr. "Proton")** die koninkryk van God en Sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word". Die "eerste" in hierdie skrif kan onmoontlik nie vervang word nie; onvervangbaar of herhaalbaar eerste.
Mark 16: 9 "En nadat hy opgestaan het, vroeg op die eerste (Proton) dag van die week het Hy eers verskyn aan Maria Magdalena, uit wie Hy sewe duiwels gedryf het.
Is dit moontlik om die eerste dag met 'n ander dag te vervang?

Eksegeties onmoontlik!

Mat. 5: 24 Laat jou gawe daar voor die altaar bly en gaan versoen jou eers, (Proton) met jou broeder, en kom dan en bring dan jou gawe."
'n Onvervangbare eerste, net soos ten eerste apostels (onvervang- of herhaalbaar) oorspronklik; en origeneël gestel in die liggaam, kerk van Christus.

1Tim. 2: 1 "In die eerste plek (Proton) vermaan ek dan dat smekinge, gebede, voorbede, dankseggingе gedoen word vir alle mense;
Paulus oor die **"eerste plek",** onvervangbare noodsaaklikheid. Nêrens in die nuwe testament word nuwe apostels georden, voorskrifte vir so iets gegee of opdragte daartoe nie.

Die ander bedieninge:

1) Profesie: Rom 12: 6 "Is dit profesie, na die maat van geloof" Die skrif maak voorsiening vir die voortsettende bediening van 'n begaafde profeet, met die beperking dat profesie na die maat van die geloof moet geskied.
Die profeet sal nie deur sy eie oortuiging gelei word nie, maar deur die oortuiging van God ooreenkomstig Woord van God; profesie sal in verwantskap tot die geloof wees en nie in botsing daarmee nie.
Profesie in die gemeente sal wees woorde van stigting, troos en bemoediging - 1Kor. 14: 3

2) Evangelis: 2Tim. 4:5 "Maar wees jy in alles nugter; ly verdrukking; doen die werk van 'n evangelis, vervul jou bediening. Die voortsetting van die bediening van evangelis word hier duidelik uitgebeeld.

Protos:

Kom ons kyk na die aanverwante **'Protos',** in Afrikaans vertaal met "eerste", Engels "first".
Openb. 1: 11 "Ek is die Alfa en die Omega die Eerste (Protos) en die Laaste.

Openb 1:17 "En toe ek Hom *sien* val ek soos 'n dooie aan Sy voete, en Hy het sy regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie; Ek is die eerste (Protos) en die laaste.
Dit is duidelik dat die "Eerste" in bogenoemde onvervangbaar, onherhaalbaar die enigste eerste kan en moet wees.

1Kor. 15: 45, 46 "So is daar geskrywe: Die eerste (Protos) mens, Adam, het 'n lewende siel geword; Die laaste Adam 'n lewemakende Gees.

Die Geestelike ewenwel is nie eerste nie, maar die natuurlike; daarna die Geestelike. As ons die "eerste" in bogenoemde vervang of herhaal dan is Adam nie die eerste mens nie.
Daar is dus al die rede om te glo dat die **"**eerste plek apostels**"** in die kerk van Jesus gestuur was om die fondament te lê, die volle raad van God te verkondig, Jesus se opdragte oor te dra, die volle openbaring bekend te stel, alles ten boek te stel, die Woord (volmaakte wet van die vryheid Jak. 1: *25)* vir ons na té laat, sonder dat dit nodig is om *iets* daaruit weg te neem, of toe te voeg, en dat hulle nie vervangbaar sal wees nie. Waarom dan ander apostels orden?

Efes. 4: 11 "En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars."

Die doel van bogenoemde bedieninge:

(vers 12) Om Heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus tot ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die grootte vanChristus----- in alles sou opgroei in Hom wie die Hoof is, naamlik Christus. Weer is daar nie lokale gemeentes of denominasies betrokke nie, maar die breë, globale, universieële (onopsigtelike) algemene kerk (die liggaam van Christus).

Die aanstel of ordening van lokale aposteltjies vind geen grondslag in Efes. 4: 11 nie. Ons kyk na die historiese agtergrond in die

konteks.
Vers 9: Hy het opgevaar, eenmaal opgevaar. Hy vaar nie herhaaldelik op nie. Hy het neergedaal in die onderste dele van die aarde net eenmaal. Hy daal nie herhaaldelik neer nie. Hy het gevangenes gevange geneem net eenmaal. Hy neem nie gevangenes herhalend gevange nie. Hy het eenmaal alles tot volheid gebring vir eens en vir altyd. Hy het nie nodig om dit te herhaal nie. Waarom moet Hy dan die gawe van apostels herhaal? (1Kor 12: 28) "eerste plek apostels" weer roep, weer stuur, weer instel? "This general meaning of this word ("apostolos", apostel) held it's place side by side with special and distinctive application. There is no continuity of the office of an apostle, and in no place were the churches instructed to ordain apostles." Kommentaar deur: Dr. Spiros Zodiathes in Hebrew/Greek key study Bible. Dr. Fritz Reinecker (Hy maak gebruik van "The Greek New Testament" Soos saamgestel deur Kurt Aland, Mathew Black, Carlo M Martini, Bruce M Metzger en Allen Black, uitgereik deur American Bible Society Wurtenberg Bible Society, en halfdosyn ander Bybelgenootskappe) en verklaar dat die woorde in Efes.4: 11: "gegee sommige as" moet (soos oorspronklik) lees: Die een 'n apostel,---- die ander profete, evangeliste, herders en leraars, of herders toegerus om te leer."

En dan volg Reinecker m.b.t. die bediening van evangeliste en die ander. "One who proclaimed the gospel which he received from the apostle."
Reinecker kwalifiseer dus die stelling van Dr. Spiros Zodiathes nl. dat daar geen voortsetting van die amp van die apostel in die oorspronklike woord te lees is nie, en geen ordening van apostels in die Nuwe Testament te vind word nie.

Dit is dus geen wonder dat slegs die name van die twaalf "fondament apostels van die Lam" op die twaalf fondamente van die Nuwe Jerusalem verskyn nie.

Openb. 21: 14 "En die muur van die stad het twaalf fondamente gehad, en daarop was die name van die twaalf apostels van die Lam."
Jesus laat Johannes sewe briewe aan die sewe gemeentes

van klein Asië skryf:
(Openb. 1: 17 - 20; Openb. 2: 1 tot 3:22) Elke keer word die skrywe gerig aan die "engel van die gemeente" ("engel" of m.a.w. die voorganger of leier) nie een van die briewe word gerig aan die "apostel" van die gemeente nie. Die enigste verwysing in die briewe na "apostel" is in **Openb. 2: 2 "....** en dat jy dié op die proef gestel het wat sê dat hulle apostels is en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind het;"

"Ander apostels" in die Nuwe Testament.

Was daar werklik ander apostels, wie deur "Christus geroep was deur die Wil van God" om as bekwame boumeesters (1Kor. 1: 10) die fondament te lê, omdat hulle saam met Jesus rondgegaan het al die tyd van die doop van Johannes tot op die dag dat Hy (Jesus) van ons opgeneem is (Hand. 1: 21, 22) Wie ook nog kwalifiseer deur "met volharding tekens en wonders en kragtige dade verrig het." (1Kor. 12: 12)
Kwalifiseer as sprekers van woorde wat onthou moet word soos die woorde van Heilige profete en "ons apostels" wat "tevore gespreek was." (2Pet. 3: 1, 2; Jud. 17)

1Kor. 9: 5, 6 "Het ons dan geen reg om 'n suster as vrou (Lt "getroude vrou" - rond te neem, om vroulike hande arbeid [vers 6] vir hulle te verrig) soos die **"ander apostels"** was hulle iemand anders as van die twaalf (Petrus was 'n getroude man!) en die broers van die Here. Hierdie skrif maak geensins die broers van die Here ook **"geroepe apostels"** nie.

Rom. 16: 7 "Groet Andronicus en Junias, my **"medewerkers"** wat in aansien onder die apostels is." Het hulle as **"apostels"** aansien verwerf of bloot deur toewyding as medewerkers vir hulleself aansiening en erkenning onder die apostels verwerf? Dit is duidelik dat sommige onder ons apostels getel was bloot omdat hulle in die geselskap van apostels gevind was, en deelgenote in die arbeid en belange was, soos Barnabas, Andronicus, Silas, Titus, Timotheus, e.a.
2Kor. 8: 16 "Maar God sy dank, wat dieselfde ywer vir julle in die

hart van Titus gegee het, omdat hy baie ywerig was het hy uit eie beweging na julle toe gekom ---- (vers 23) Hy is my medewerker. Hulle is **"afgesante"** (eng, "messengers") vir die gemeentes. As Titus werklik ook 'n **"geroepe apostel van Christus deur die Wil van God"** was, hoe is dit dat hy opdragte, voorskrifte en raad van Paulus moes kry? (Titus 1: 3; 2: 1; 3: 1, 12; 2: 7 ens.) Hierdie **"ander apostels"** was bloot so genoem omdat hulle metgeselle, medewerkers en deelgenote in die diens van die apostels was.

Hulle het nie al die tyd saam met Jesus in Sy aardse bediening rondgegaan nie. (Hand. 1: 21)
Hulle was nie ooggetuies van Sy opstanding nie. (Hand. 1: 22)
Hulle word nie in die skrif geken aan wonders, tekens en kragtige dade nie. (2Kor 12: 12)
Hulle het nie woorde gespreek of nagelaat om onthou te word soos die woorde "tevore" gespreek deur die Heilige profete (ou testamenties) en "ons apostels" nie. (1 Pet 3:1, 2)
Hulle name verskyn ook nie op die twaalf fondamente van die Nuwe Jerusalem nie.
Luk. 6: 13 "En toe dit dag geword het, het Hy sy** dissipels na Hom geroep en twaalf van hulle uitgekies, **wat Hy "apostels" genoem het.

Jesus kies net twaalf:

Indien daar ekstra apostels moes wees, hier was nou die plek en die geleentheid, maar nee, **"**uit Sy dissipels kies Jesus net twaalf.**"**

Hoekom?
1) Omdat dit binne die volmaakte plan van God was vir vestiging van die koninkryk van God op aarde en versoening wêreldwyd (2Kor. 5:17-21)
2) Omdat daar net twaalf trone sal wees en net twaalf stamme van Israel om te oordeel: Mat. 19: 28 "En Jesus sê vir hulle: voorwaar Ek sê vir julle dat julle wie My gevolg het, in die wedergeboorte wanneer die Seun van die mens op sy heerlike troon

gaan sit, julle ook op twaalf trone *sal* sit en die twaalf stamme van Israel sal oordeel."
3) Omdat die Nuwe Jerusalem net twaalf fondamente sal hê waarop die name van die twaalf apostels van die Lam sal verskyn.

Openb. 21: 14 "En die muur van die stad het twaalf fondamente gehad, en daarop was die name van die twaalf apostels van die Lam."

Maar wat van 'n **"apostoliese bediening,"** gee dit nie aan iemand die reg om 'n **"apostel"** te wees en 'n **"apostel"** genoem te word nie.
2Kor. 12: 12 "Die kentekens (die Woord word oorspronklik gebruik om te onderskei tussen persone of voorwerpe en is onherroeplik bepalend) tog van 'n apostel onder julle is verwerklik met alle volharding (onophoudelik, herhalend en voortdurend) deur tekens en wonders en kragtige dade." Dake se **kommentaar: No man is an apostle without these signs."**

Ons merk geen volhardende "tekens en wonders en kragtige dade" by die hedendaagse selfgemaakte apostels" nie.
Indien dit wel so was maak dit hulle nog geensins "geroepe apostels" van Jesus deur die "wil van God" nie. In die bogenoemde skrif verdedig Paulus of kwalifiseer hy geensins ander persone se **"apostoliese bediening"** as verdienste van hulle apostelskap nie, maar hy verdedig sy eie persoonlike apostelskap. (lees die konteks 2Kor. 12: 11-18)
Dit is dus 'n uiterste dwaling om jouself of 'n ander hedendaagse persoon 'n "apostel" te noem so te "orden," of te verwag om as "apostel" aangespreek te word.

Daar is duidelik nie skrifregverdiging vir die selfaangestelde apostels wat nou hulle opwagting maak nie.

Judas 1: 17 "Maar julle geliefdes moet die woorde onthou wat tevore gespreek is deur die apostels van onse Here Jesus Christus," En die gesag van hierdie woorde bly totdat Jesus weer kom **(vêrs 18)**